basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE

NOVEMBER 2015

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye en 'n 15 bladsy-antwoordeboek.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.

3. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.

4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Waar van toepassing moet alle bewerkings tot EEN desimale punt bereken word.

7. Skryf netjies en leesbaar.

7. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n gids wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE hiervan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 40 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Versoening en Ouderdomsontleding	**Finansiële rekeningkunde** Bankversoening Debiteure-ouderdomsontleding **Bestuur van hulpbronne** Interne beheer

VRAAG 2: 50 punte; 30 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Voorraadstelsels en Waardasie	**Bestuur van hulpbronne** Voorraadwaardasie Interne beheer

VRAAG 3: 60 punte; 35 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Maatskappy- Finansiële State en Ouditverslag	**Finansiële rekeningkunde** Inkomstestaat Balansstaat en notas Ouditverslag **Bestuur van hulpbronne** Etiek

VRAAG 4: 65 punte; 40 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Kontantvloeistaat en Vertolking	**Finansiële rekeningkunde** Kontantvloeistaat Vertolking van finansiële inligting **Bestuur van hulpbronne** Interne beheer

VRAAG 5: 50 punte; 30 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Kontantbegroting en Geprojekteerde Inkomstestaat	**Bestuursrekeningkunde** Ontleed en vertolk 'n Kontantbegroting Geprojekteerde Inkomstestaat **Bestuur van hulpbronne** Interne beheer

VRAAG 6: 35 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Kosteberekening	**Bestuursrekeningkunde** Produksiekostestaat Ontleding en vertolking van gelykbreekpunt **Bestuur van hulpbronne** Interne beheer

VRAAG 1: VERSOENING EN OUDERDOMSONTLEDING (40 punte; 25 minute)

1.1 BANKVERSOENING EN INTERNE BEHEER

Die inligting hieronder het betrekking op Eureka Handelaars.

GEVRA:

1.1.1 Bereken die korrekte banksaldo op 30 Junie 2015. (13)

1.1.2 Stel die Bankversoeningstaat op 30 Junie 2015 op. (8)

1.1.3 **Verwys na Inligting E.**
Identifiseer TWEE verskillende probleme met bewyse. Gee raad vir ELKE probleem. (6)

INLIGTING:

A. Die volgende Bankversoeningstaat is op 31 Mei 2015 voorberei:

Saldo volgens Bankstaat (ongunstig)		(R13 000)
Uitstaande deposito		30 000
Uitstaande tjeks:		
Nr. 614 (gedateer 20 Desember 2014)	Donasie	(10 500)
Nr. 958 (gedateer 25 Mei 2015)	Voorraad	(7 900)
Nr. 962 (gedateer 30 Julie 2015)	Betaling van rekening	(4 500)
Regstel van fout		3 600
Saldo volgens bankrekening (ongunstig)		(2 300)

LET WEL:
- Die deposito van R30 000 het op 14 Junie 2015 op die Bankstaat verskyn.
- Die fout van R3 600 is op 10 Junie 2015 deur die bank reggestel.
- Tjeknr. 958, in Mei 2015 uitgereik, is op die Bankstaat vir Junie as R9 700 getoon. Die Bankstaat is korrek. Die ander uitstaande tjeks is nie aan die bank getoon nie.

B. Voorlopige totale op 30 Junie 2015: KOJ: R87 220; KBJ: R74 860

C. Die Bankstaat vir Junie 2015 het die volgende getoon:
- Direkte deposito vir huurinkomste van die huurder, R21 000
- Aftrekorder vir versekering, R6 500
- V/T-tjek vir R2 250 oorspronklik van F Mnisi ontvang ter betaling van sy skuld van R2 300
- Bankkoste, R210
- Saldo volgens Bankstaat, **?**

D. Die volgende tjeks het in die Kontantbetalingsjoernaal verskyn, maar nie op die Bankstaat vir Junie 2015 nie:
- Nr. 982 vir R2 200
- Nr. 986 vir R1 400 (gedateer 28 Julie 2015)

E. Die boekhouer het die volgende inskrywing in die Junie 2015 KOJ gemaak:

Dok.	Datum	Besonderhede	Ontleding	Bank	Verkope
KS371–402	30	Kontant	18 500	18 500	18 500

Dit is op 15 Julie 2015 deur die bank aangeteken. Die interne ouditeur het opgemerk dat kontantstrokies, KS371–402, se totaal eintlik R25 500 was.

1.2 DEBITEURE-OUDERDOMSONTLEDING

Die inligting hieronder het betrekking op Max Sportdrag.

GEVRA:

1.2.1 **Verwys na Inligting B.**
As die interne ouditeur, watter kommer sal jy oor Susan se posbeskrywing hê? Verduidelik. (2)

1.2.2 Identifiseer TWEE debiteure wat hulle kredietlimiete kan laat verhoog. (2)

1.2.3 Verduidelik DRIE verskillende probleme soos aangegee in die Debiteure-ouderdomsontleding. Gee bewyse. (9)

INLIGTING:

A. Die onderneming verkoop 80% van hulle voorraad op krediet. Daar word van debiteure verwag om hulle rekeninge te vereffen teen die einde van die maand wat op die verkoopstransaksie-maand volg.

B. Susan, die boekhouer, reik fakture en kredietnotas uit en ontvang kontant van debiteure.

C. Debiteure-ouderdomsontleding op 31 Augustus 2015:

DEBITEURE	KREDIET-LIMIET	BEDRAG VERSKULDIG	HUIDIGE MAAND	30 DAE	60 DAE	90 DAE
S Muller	R10 000	R12 000	R1 800	R4 200	R2 400	R3 600
L Ndlovu	R5 800	R5 000	R3 100		R1 900	
P Pillay	R3 500	R3 200	R3 200			
B Vasco	R5 000	R5 000		R2 600	R1 600	R800
C Crooks	R4 500	R4 100	R3 500	R600		
R Aucamp	R1 500	R1 400	R500			R900
		R30 700	R12 100	R7 400	R5 900	R5 300
		100%	39%	24%	19%	18%

40

VRAAG 2: VOORRAADSTELSELS EN WAARDASIE (50 punte; 30 minute)

2.1 VOORRAADWAARDASIE

Josy Modes gebruik die periodieke voorraadstelsel en die geweegdegemiddelde-metode om voorraad van baadjies te waardeer. Josy Arrakal is die eienaar van die besigheid.

GEVRA:

2.1.1 Verduidelik die verskil tussen die *deurlopende voorraadstelsel* en die *periodieke voorraadstelsel*. (2)

2.1.2 Bereken die waarde van die voorraad voorhande op 28 Februarie 2015 deur die geweegdegemiddelde-metode te gebruik. (9)

2.1.3 Bereken hoe lank (in dae) dit sal neem om die eindvoorraad van 650 baadjies te verkoop. Gebruik die eindvoorraad in jou berekening. (5)

2.1.4 Josy oorweeg dit om van voorraadwaardasie-metode te verander.

- Bereken die waarde van eindvoorraad deur die EIEU-metode te gebruik. (6)
- Gee EEN rede ten gunste van en EEN rede teen die verandering na die EIEU-metode. (4)

INLIGTING:

Rekords van baadjies vir die jaar geëindig 30 Junie 2015:

	EENHEDE	EENHEIDS-PRYS	TOTAAL
Beginvoorraad (1 Maart 2014)	300	R1 156	R346 800
Aankope	**3 230**		**R3 686 400**
April 2014	1 400	R1 050	R1 470 000
Julie 2014	1 320	R1 200	R1 584 000
November 2014	510	R1 240	R632 400
Subtotaal	**?**		R4 033 200
Goedere teruggestuur (van Julie-aankope)	150	**?**	**?**
Verkope	2 730	R1 425	R3 890 250
Eindvoorraad (28 Februarie 2015)	650	**?**	**?**

2.2 INTERNE BEHEER

Josy Modes verkoop ook hemde en denimbroeke.

GEVRA:

2.2.1 Bereken die getal hemde wat gesteel is. Gee TWEE punte van advies. (9)

2.2.2 Lewer kommentaar op die voorraadhoudingstydperk van ELKE produk en verduidelik hoe dit die onderneming sal raak. Haal syfers aan. (9)

2.2.3 Josy is onseker of sy die regte pryse vir haar produkte vra. Gee haar advies oor ELKE produk. Haal syfers aan. (6)

INLIGTING:

Opsomming vir die jaar geëindig 30 Junie 2015:

	BAADJIES (EENHEDE)	**HEMDE (EENHEDE)**	**DENIMBROEKE (EENHEDE)**
Getal eenhede verkoop	2 730	7 200	320
Beginvoorraad	300	400	0
Eindvoorraad	650	270	280
Aankope (min terugsendings)	3 080	7 380	600

Geweegdegemiddelde-koste per eenheid	**Sien 2.1.2.**	R150	R500
Verkoopprys per eenheid	R1 425	R310	R850
Voorraadhoudingstydperk	**Sien 2.1.3.**	14 dae	319 dae

50

VRAAG 3: MAATSKAPPY- FINANSIËLE STATE EN OUDITVERSLAG
(60 punte; 35 minute)

3.1 PRIDONA BEPERK

Die volgende inligting het betrekking op Pridona Beperk. Die finansiële jaar het op 30 Junie 2015 geëindig. Die onderneming gebruik die deurlopende voorraadstelsel.

GEVRA:

3.1.1 **Verwys na Inligting B.**
Bereken die korrekte netto wins na belasting vir die jaar geëindig 30 Junie 2015. Dui 'n **+** vir toename en 'n **–** vir afname aan. (13)

3.1.2 Stel die Behoue-inkomste-nota op 30 Junie 2015 op. (11)

3.1.3 Stel die Balansstaat op 30 Junie 2015 op. Waar notas NIE gevra word NIE, moet bewerkings getoon word. (30)

INLIGTING:

A. Lys van saldo's/totale op 30 Junie 2015:

BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING	
Gewone aandelekapitaal	R5 600 000
Behoue inkomste (1 Julie 2014)	2 700 000
Verbandlening: Custom Bank	262 200
Vaste bates	8 950 000
Handelsvoorraad	203 200
Debiteurekontrole	316 000
Voorsiening vir oninbare skulde (1 Julie 2014)	11 400
Kontant en kontantekwivalente (balanseersyfer)	**?**
SAID: Inkomstebelasting (voorlopigebelasting-betalings)	725 000
Inkomste ontvangbaar (opgeloop)	5 200
Krediteurekontrole	261 000

B. Netto wins voor belasting van R2 493 600 is bepaal VOOR die volgende inligting in berekening gebring is:

(i) Handelsvoorraad op 30 Junie 2015 is op R191 900 gewaardeer.

(ii) Voorsiening vir oninbare skulde moet tot R9 000 aangesuiwer word.

(iii) Huur vir Julie 2015, R2 800, is vooruit ontvang.

(iv) 'n Jaarlikse versekeringspremie van R6 000 is vir die tydperk 1 April 2015 tot 31 Maart 2016 betaal.

(v) Die ouditeur het gevind dat die wins op die verkoop van 'n voertuig, R6 800, foutiewelik as 'n verlies getoon is.

(vi) Inkomstebelasting vir die jaar beloop R750 000.

C. Dividende en aandele:

(i) Tussentydse dividende van R600 000 is op 31 Desember 2014 betaal.

(ii) Die direkteure het op 30 Junie 2015 'n finale dividend van 22 sent per aandeel verklaar op al die aandele tot op datum uitgereik. Aandele wat op 31 Mei 2015 teruggekoop is, kwalifiseer nie vir finale dividende nie.

(iii) Aandelekapitaal:

1 Julie 2014	3 000 000 aandele is uitgereik (R3 900 000)
15 Augustus 2014	1 000 000 nuwe aandele is teen R1,70 elk (R1 700 000) uitgereik. Dit is geboekstaaf.
31 Mei 2015	20 000 aandele is teen R2,50 elk van 'n bestaande aandeelhouer (R50 000) teruggekoop. Dit is nie geboekstaaf nie.

D. 'n Debiteur se debietsaldo van R1 000 in die Debiteuregrootboek moet nog na sy rekening in die Krediteuregrootboek oorgeplaas word.

E. Die verbandlening van Custom Bank is op 1 April 2014 verkry. Dit sal oor 6 jaar terugbetaal word. 'n Vaste leningterugbetaling (rente uitgesluit) word aan die einde van elke maand gemaak. Die eerste maandelikse leningterugbetaling is op 30 April 2014 gedoen. Alle ander leningterugbetalings is gedoen. Rente word nie gekapitaliseer nie en is korrek geboekstaaf.

Kopiereg voorbehou

3.2 **OUDITVERSLAG**

GEVRA:

3.2.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Gee 'n rede.

Trimex Bpk. het 'n (gekwalifiseerde/ongekwalifiseerde/weerhouding-) ouditverslag ontvang. (2)

3.2.2 Verduidelik TWEE gevolge van hierdie ouditverslag vir die maatskappy en/of die HUB. (4)

INLIGTING:

UITTREKSEL UIT DIE VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE

Grondslag vir ons mening
Die maatskappy se aankoopbeleid bepaal dat aankope van meer as R100 000 deur die direksie goedgekeur en deur drie kwotasies van onafhanklike verskaffers ondersteun moet word.

Die maatskappy het in die verslagjaar twee voertuie teen 'n koste van R900 000 aangekoop. Dit is deur die HUB goedgekeur sonder verwysing na die direksie. Slegs een kwotasie is ontvang.

Ouditmening
As gevolg van die belangrikheid van hierdie kwessie kon ons nie voldoende ouditbewyse verkry as grondslag vir 'n mening nie. Gevolglik spreek ons geen mening uit oor die finansiële state van Trimex Bpk. vir die jaar geëindig 30 Junie 2015 nie.

Devi & Meyiwa Vennote, GR (SA)

60

VRAAG 4: KONTANTVLOEISTAAT EN VERTOLKING (65 punte; 40 minute)

4.1 BEGRIPPE

Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

direksieverslag; Balansstaat; aandeelhouer; direkteur; interne ouditeur; Kontantvloeistaat; onafhanklike ouditeur

4.1.1 'n Persoon wat deur 'n maatskappy aangestel word om die finansiële beheerstelsels na te gaan en die bestuur daaroor raad te gee (1)

4.1.2 Die persoon wat deur die aandeelhouers aangestel is en 'n onpartydige mening oor die finansiële state van 'n maatskappy uitspreek (1)

4.1.3 'n Persoon wat aangestel word om 'n maatskappy te bestuur en wat besluite neem om die gladde bedryf daarvan te verseker (1)

4.1.4 Die finansiële staat wat die finansiële posisie van 'n besigheid op 'n spesifieke datum toon (1)

4.2 SENZO BPK.

Die inligting hieronder het betrekking op Senzo Bpk.

GEVRA:

4.2.1 Bereken die volgende syfers wat op die Kontantvloeistaat sal verskyn:

- Inkomstebelasting betaal (5)
- Opbrengs uit verkoop van vaste bates (drawaarde) (5)
- Netto verandering in kontant en kontantekwivalente. Dui aan of dit 'n netto invloei of netto uitvloei van kontant is. (5)

4.2.2 Voltooi die afdeling van die Kontantvloeistaat vir kontantgevolge van finansieringsaktiwiteite. (12)

4.2.3 Bereken die volgende vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2015.

- Vuurproefverhouding (4)
- Opbrengs op aandeelhouersbelang (OOAB)
  (Gebruik gemiddelde aandeelhouersbelang in jou berekening.) (5)
- Netto batewaarde (NBW) per aandeel (3)

INLIGTING:

A. Syfers uit die Balansstaat en notas:

	28 FEBRUARIE 2015	**28 FEBRUARIE 2014**
Vaste bates (drawaarde)	R4 137 700	R2 598 300
Finansiële bates (vaste deposito)	350 000	600 000
Bedryfsbates	**662 300**	**575 500**
Voorrade	322 000	345 000
Handels- en ander ontvangbare bedrae	245 000	228 000
SAID: Inkomstebelasting	6 400	–
Kontant en kontantekwivalente	88 900	2 500
Aandeelhouersbelang	**3 439 500**	**2 718 000**
Gewone aandelekapitaal	2 967 000	2 520 000
Behoue inkomste	472 500	198 000
Niebedryfslaste	**1 200 000**	**500 000**
Bedryfslaste	**510 500**	**555 800**
Handels- en ander betaalbare bedrae	323 000	285 000
Aandeelhouers vir dividende	187 500	108 000
SAID: Inkomstebelasting	–	9 800
Oortrokke bankrekening	–	153 000

B. Uittreksel uit die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015:

Bruto wins	R2 040 000
Waardevermindering	215 100
Bedryfswins	1 300 000
Rente-uitgawe	132 000
Netto wins voor belasting	1 175 000
Netto wins na belasting	846 000

C. Aandelekapitaal:

- Gemagtigde aandelekapitaal bestaan uit 800 000 gewone aandele.
- 150 000 nuwe, gewone aandele is op 1 Oktober 2014 uitgereik.
- 60 000 gewone aandele is op 1 Januarie 2015 teen 90 sent meer as die gemiddelde uitreikprys van R4,30 teruggekoop.
- Die aandeleregister het op 28 Februarie 2015 getoon dat 'n totaal van 690 000 aandele tot op datum uitgereik is.

D. Vaste bates:

- Addisionele eiendom is vir R2 100 000 gekoop. Geen ander vaste bates is aangekoop nie.
- Toerusting is teen drawaarde verkoop.

4.3 DON BPK. EN KEY BPK.

Jy het R50 000 om in 'n genoteerde maatskappy te belê. Jy besluit om op twee maatskappye in dieselfde bedryf te fokus.

LET WEL: Wanneer jy die vrae hieronder beantwoord, vergelyk die gegewe inligting en haal die toepaslike finansiële aanwysers van beide maatskappye (persentasies, verhoudings en/of bedrae) aan.

GEVRA:

4.3.1 Lewer kommentaar op die waarde van die twee maatskappye se aandele op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE). Verduidelik hoe dit jou keuse van 'n maatskappy sal beïnvloed. (6)

4.3.2 Vergelyk en lewer kommentaar op die dividendbetalingsbeleid van die twee maatskappye. (6)

4.3.3 Lewer kommentaar op die graad van risiko en hefboomeffek. Verduidelik hoe dit jou keuse van 'n maatskappy sal beïnvloed. (6)

4.3.4 Behalwe vir die punte wat hierbo genoem is, watter ander faktore sal jy oorweeg voordat jy besluit in watter maatskappy jy gaan belê? Verduidelik TWEE punte. (4)

INLIGTING:

	DON BPK.	**KEY BPK.**
Bedryfsverhouding	4,3 : 1	1,5 : 1
Vuurproefverhouding	2,8 : 1	0,8 : 1
Voorraadomsetsnelheid	4 keer	6 keer
Voorraadhoudingstydperk	90 dae	62 dae
Gemiddelde debiteure-invorderingstydperk	54 dae	26 dae
Gemiddelde krediteurebetalingstydperk	59 dae	62 dae
Skuld-ekwiteit-verhouding	0,3 : 1	1,6 : 1
Opbrengs op totale kapitaal aangewend (OOTKA)	15,6%	10,2%
Opbrengs op aandeelhouersbelang (OOAB)	17,2%	9,1%
Verdienste per aandeel (VPA)	420 sent	980 sent
Dividend per aandeel (DPA)	360 sent	490 sent
Netto batewaarde per aandeel (NBA)	310 sent	750 sent
Markprys van aandele op JSE	400 sent	645 sent
Rentekoers op lenings	11,5%	11,5%

65

LAAT HIERDIE BLADSY BLANKO

VRAAG 5: KONTANTBEGROTING EN GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT
(50 punte; 30 minute)

5.1 BRUCE HANDELAARS

Benny Bruce is die eienaar van Bruce Handelaars. Jy word voorsien van inligting vir twee maande.

GEVRA:

Voltooi die Kontantbegroting vir November en Desember 2015. Sekere bedrae is namens jou ingevul. (25)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Geprojekteerde Inkomstestaat:

	NOVEMBER 2015	DESEMBER 2015
Verkope	R1 050 000	R997 500
Koste van verkope	600 000	570 000
Kommissie-inkomste	7 000	8 000
Diverse uitgawes	22 500	**?**
Waardevermindering	2 200	2 200
Lone en salarisse	**?**	256 000
Oninbare skulde	19 500	34 125
Advertensies	0	11 000
Korting toegestaan	20 475	18 900
Rente-uitgawe (9% p.j.)	3 780	3 510

B. ADDISIONELE INLIGTING:

(i) Kontantverkope beloop 40% van alle verkope.

(ii) 'n Winsopslag van 75% op kosprys word gehandhaaf. Voorraad word in dieselfde maand as verkope vervang.

(iii) 20% van alle voorraad word kontant aangekoop.

(iv) Alle krediteure word binne 30 dae ten volle betaal (in die maand wat op die aankope volg).

(v) Kommissie word een maand nadat dit verdien is, ontvang. Daar word begroot dat kommissie met R1 000 per maand sal toeneem.

(vi) Diverse uitgawes bestaan slegs uit kontantitems. Dit sal na verwagting elke maand met 8% verminder.

(vii) Lone en salarisse vir Desember 2015 sluit 'n bonus van R40 000 vir die bestuurder in. 'n Loon- en salarisverhoging van 8% vir alle werknemers sal vanaf 1 Desember 2015 toegepas word.

(viii) Advertensies sal vanaf 1 Desember op die eerste dag van elke maand in 'n koerant verskyn. Betaling om drie advertensies te dek sal op 15 November ten volle gedoen word.

(ix) Die rentekoers is 9% p.j. Rente word nie gekapitaliseer nie en word maandeliks betaal. 'n Deel van die lening sal op 30 November 2015 terugbetaal word.

5.2 SLEEPEZI BEDDENS (EDMS.) BPK.

Jy word voorsien van inligting vir twee maande geëindig 31 Oktober 2015. Die onderneming verkoop een tipe bed.

GEVRA:

5.2.1 Bereken die persentasie verhoging in die bedrag wat vir salarisse en lone vir Oktober 2015 begroot is. Behoort die werknemers hiermee tevrede te wees? Verduidelik. (3)

5.2.2 Die finansiële direkteur is tevrede met die werk wat die boekhouer en die interne ouditeur doen. Identifiseer 'n uitgawe wat aandui dat hy reg is. Verduidelik jou antwoord. (3)

5.2.3 'n Mededinger, BB Beddens, wat slegs vir kontant verkoop, het op 1 Oktober 2015 'n winkel in die omgewing oopgemaak.

- Lewer kommentaar op hoe die nuwe mededinger die verkope van Sleepezi Beddens beïnvloed het. Verskaf syfers. (4)
- Verduidelik hoe Sleepezi Beddens op hierdie probleem gereageer het. Verskaf DRIE punte. Verskaf syfers. (9)

5.2.4 Kontantsaldo's:

- Lewer kommentaar op die kontantsaldo's. Verskaf syfers. (2)
- Verduidelik hoe die direkteure die kontantsaldo's in die toekoms kan verbeter Verduidelik TWEE punte. (4)

INLIGTING:

A. Verwagte verkope, koste van verkope en aflewerings:

- Die onderneming begroot om 300 beddens per maand te verkoop.
- Die kosprys van elke bed is R3 000 en die verkoopprys is R5 000. Geen korting word toegestaan nie.
- Die voorraad beddens word in die maand van verkope vervang.
- Verskaffers word in die maand van aankope betaal.
- Die onderneming gebruik Kaap Afleweringsdienste om die beddens aan elke kliënt af te lewer.

B. Uittreksel uit die Kontantbegroting:

	SEPTEMBER 2015		OKTOBER 2015	
	BEGROOT	**WERKLIK**	**BEGROOT**	**WERKLIK**
Kontantsurplus (tekort) vir maand	110 000	125 000	120 000	(440 000)
Kontant aan begin van maand	105 000	105 000	215 000	230 000
Kontant aan einde van maand	**215 000**	**230 000**	**335 000**	**(210 000)**

C. Uittreksel uit die Geprojekteerde Inkomstestaat:

	SEPTEMBER 2015		OKTOBER 2015	
	BEGROOT	**WERKLIK**	**BEGROOT**	**WERKLIK**
Getal beddens verkoop	**300 beddens**	**320 beddens**	**300 beddens**	**240 beddens**
Kontantverkope	1 200 000	1 280 000	1 200 000	300 000
Kredietverkope	300 000	320 000	300 000	900 000
Totale verkope	1 500 000	1 600 000	1 500 000	1 200 000
Koste van verkope	(900 000)	(960 000)	(900 000)	(720 000)
Bruto wins	600 000	640 000	600 000	480 000
Bedryfsuitgawes	(313 000)	(323 000)	(407 600)	(374 960)
Direkteursfooie	80 000	80 000	80 000	36 000
Salarisse en lone	30 000	30 000	31 800	31 800
Advertensies	10 000	10 000	10 000	40 000
Afleweringskoste (Kaap Afleweringsdienste)	150 000	160 000	150 000	168 000
Ouditfooie	0	0	90 000	50 000
Huuruitgawe	28 000	28 000	30 800	34 160
Diverse uitgawes	15 000	15 000	15 000	15 000
Bedryfswins	**287 000**	**317 000**	**192 400**	**105 040**

50

VRAAG 6: KOSTEBEREKENING (35 punte; 20 minute)

6.1 SNAZZY HANDSAKKE

Die inligting hieronder het betrekking op die finansiële jaar geëindig 30 September 2015. Die onderneming vervaardig een tipe handsak.

GEVRA:

Stel die Produksiekostestaat op 30 September 2015 op. Toon ALLE bewerkings. (21)

INLIGTING:

A. Syfers wat op 30 September 2015 deur die boekhouer verskaf is:

	R
Administrasiekoste	380 000
Direkte materiaalkoste	976 000
Direkte arbeidskoste	755 000
Fabrieksbokoste	442 080
Verkoops- en verspreidingskoste	219 200
Goedere-in-bewerking: 1 Oktober 2014	74 000
30 September 2015	**?**
Totale koste van produksie van klaarprodukte	2 187 500

B. 'n Interne oudit het die volgende uitgewys:

- Beskadigde grondstof ter waarde van R17 000, wat aan die verskaffer teruggestuur is, is in die berekening van die direkte materiaalkoste uitgelaat.

- Die fabrieksbokoste-totaal het die volle bedrag van R62 400 vir huuruitgawe ingesluit. Slegs $^2/_3$ van hierdie uitgawe moet aan die fabriek toegewys word. Die res moet gelykop tussen die kantoor en verkoopsafdeling verdeel word.

- Die salaris van 'n fabrieksvoorman wat met verlof is, is nie geboekstaaf nie. Besonderhede van sy salaris is soos volg:

Aftrekking vir SAID: LBS	R2 560
Aftrekking vir pensioenfonds en WVF	**?**
Netto salaris	R8 320

Die werkgewersbydrae vir pensioenfonds en WVF beloop R1 920. Die onderneming dra op 'n rand-vir-rand-basis by.

6.2 HEALTHY LIFESTYLE KOOKWARE

Hierdie onderneming vervaardig emaljepotte.

GEVRA:

6.2.1 Bereken die volgende vir die finansiële jaar geëindig 31 Augustus 2015:

- Veranderlike koste per eenheid (3)
- Gelykbreekpunt (5)

6.2.2 Verduidelik waarom die eienaar oor die gelykbreekpunt en die vlak van vervaardiging bekommerd moet wees. Verskaf TWEE punte. Verskaf syfers. (4)

6.2.3 Identifiseer EEN ander probleem met betrekking tot hierdie onderneming. Verskaf syfer(s). (2)

INLIGTING:

	EMALJEPOTTE	
	2015	**2014**
Getal eenhede vervaardig en verkoop	27 000	32 000
Totale vaste koste	R2 850 000	R2 660 000
Totale veranderlike koste	R2 160 000	R2 080 000
Verkoopprys per eenheid	R175	R160
Verkoopprys van mededinger	R170	R130
Gelykbreekpunt in getal eenhede	**?**	28 000
Totale verkope	R4 725 000	R4 960 000

35

TOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou